Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305
Bainsvlei
9338

Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

DERTIENDE VOLKSVERGADERING van die GELOFTEVOLK in SUID-AFRIKA

Datum en Plek: D.V. 24-26 Sept.2021, Lichtenburg.

Tema: Ps.81:14-15

Ag, as My volk maar na My wou luister, Israel in My weë wou wandel! Gou sou Ek hul vyande onderwerp en My Hand teen hul teëstanders uitstrek.

Hierdie byeenkoms is legitiem ingevolge: **Deut.16:16**
Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die Aangesig van die HERE jou God *[JHWH [i] jou EL]* verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die Fees van die Ongesuurde Brode en op die Fees van die Weke en op die Huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die Aangesig van die HERE *[JHWH]* verskyn nie;

Geagte Volkgenoot

Dertien jaar gelede, op basies dieselfde datums [25-27 Sept.2009], het volksgenote van oor die hele konserwatiewe spektrum van ons as Protestantse volk by die Vegkop Geloftefeesterrein naby Heilbron byeengekom, om te midde van die Multi-etniese Demokrasie, die toekoms van ons as Bybelgelowige volk te bespreek en is o.a. besluit dat:

- Die toekomstige staatsmodel van die vrye Geloftevolk [ii], Skrifgefundeerd (op Bybel gegrond) moet wees;
- Die Geloftevolk se vrywordingsproses geskoei moet word op die grondslag van die Volksgeloftes, en
- Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis [sien al die besluite - eindnota [iii].]

Jammerlik is die Bybelse- en geloftegegronde vryheidspad onbekend by meeste volksgenote. Ons het egter ‘n Godgegewe vryheidsmanifes, wat vervat is in die vervulling van die Bloedrivier- en Paardekraal geloftes – sien: https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20151029112141_item_2012-Referaat---Vervulling-van-die-1838-Gelofte.pdf - Hierdie dokument bevat die

outentieke Gelofte van Bloedrivier, wat ingrypend verskil van die een wat algemeen in gebruik is – sien voetnota [1].

Dit is van uiterste belang om dit wat ons Voortrekker voorsate werklik met God Almagtig ooreengekom het, te ken en te eerbiedig, aangesien ons as hul nageslag en medevolksgenote tot by die laaste nageslag by die gelofte betrek is. By versuim van geloftenakoming vernietig God Almagtig die werke van die hande van die geloftebreker - Deut.23:21-23 en Pred.5:3-5. Die volgehoue verslegtende toestand waarin ons as volk ons bevind spreek vanself.

Genadiglik is daar 'n uitweg!

'n Beproefde uitweg!

'n God gegewe uitweg!

'n Godgegewe vryheidsmanifes – wat in terme van die Tema [Ps.81:14-15], gou verwesentlik kan word - as ons maar net na Sy Stem luister en in Sy weë wandel – dit is 'n Goddelike uitnodiging.

Vir die mense wat redeneer dat die geloftes nie op hulle van toepassing is nie, aangesien hul voorouers nie daar was nie, ontstaan die vraag of die 10 Gebooie wat in die woestyn aan Israel gegee is, om dieselfde rede ook nie op hulle van toepassing is nie?

Teen hierdie tyd besef al hoe meer volksgenote dat 'n Multi-etniese Demokrasie nie volhoubaar is nie en ook nie Skriftuurlik regverdigbaar is nie [2]. Ons Voortrekker voorsate het in hul militêre opmars teen Dingaan hul Christelike karakter behou en nie op menslike krag en geweld staat gemaak nie, maar op die Gees – Sag.4:6. Dit was nie hul militêre vermoë wat die oorwinning besorg het nie, maar hul geloof in die God van Abraham, Isak en Jakob, en Sy verhoring van die gelofte. Met die Eerste Vryheidsoorlog teen Brittanje het die Transvaalse- en Vrystaatse Burgers dieselfde Bybelse gebruik gevolg en het God die Paardekraal gelofte verhoor en die ZAR en OVS aan hulle terug besorg. Die ontstaan van die Boererepublieke was weens die drang om etnies/kultureel Protestants te bly en is dit een van die hoof redes vir die Groot Trek uit 'n Brits negrofilistiese Kaapkolonie.

Vandag is daar niks oor van die Bybelse beginsels waaraan ons ons ontstaan te danke het hier aan die Suidpunt van donker Afrika, nie. Daar is ook niks oor van die Protestantse beskawing van pre 1994 nie.

Met die skryf van hierdie uitnodiging kom die werklikheid van die post 1994 Multi-etniese Demokratiese RSA en die gepaardgaande Nasionale Demokratiese Revolusie aan die lig met die barbaarse plundertogte in vernaamlik Natal, onder die vaandel van Radikale Ekonomiese Transformasie. Dit herinner aan die res van

[1] Die verskil kom daarop neer dat die outentieke weergawes melding maak van 'n huis wat gestig moet word waar dit God sal behaag. Volgens 1Kon.11:38 kom dit neer op 'n Skrifgefundeerde volksregering. Die bou van die eerste kerk in Pietermaritzburg voldoen nie aan die bepalings van die Gelofte nie en is gegrond op Sarel Cilliers se weergawe wat 30 jaar na die veldslag op sy sterfbed opgeteken is van wat hy kon onthou en wat 50 jaar later deur GBA Gerdener gerekonstrueer is – sien die studie: https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20151029112141_item_2012-Referaat---Vervulling-van-die-1838-Gelofte.pdf

[2] Deut.17:14-15, Ex.23:2, Ex.20:3, 2Kor.6:14-18.

Afrika sedert die Mau Mau Rebellie en gepaardgaande Uhuru [bevryding van kolonialisme] van die 1950's. Met dit in gedagte het die konserwatiewe stem van ons volk teen die Nuwe Demokratiese RSA gewaarsku, maar is met die 1992 Referendum en daaropvolgende 1994 verkiesing, tot stilswye gedwing.

Gevolglik staar ons tans statutêre onteiening van grond- en ander bates sonder vergoeding in die gesig, asook die beëindiging van vryheid van spraak en geloof [Gelykheidswet] en omskakling na biometrise ID [Identiteitsbestuur], wat al hoe meer lyk na die instelling van 'n Nuwe Wêreld Orde wat deur die regering in die vooruitsig gestel is - http://www.thepresidency.gov.za/speeches/address-president-cyril-ramaphosa-freedom-day-celebrations-2018%2C-dr-rantlai-petrus-molemela .

Saam met die instelling van Rampbestuurs-wetgewing ter bestryding van 'n Wêreld Gesondheids Organisasie aangekondigde pandemie [biologiese oorlog - [3]], val 'n skaduwee oor hierdie land, wat mens laat dink aan die visioen van Niklaas [Siener] van Rensburg [eindnota [iv]].

Die vraag is of ons vreesbevange moet raak hieroor, of nie? As ons nie geloof in die vervulling van Bybelse profesieë gehad het nie, het ons verseker rede tot kommer gehad, maar dank God-Drie-Enig dat Hy Sy Woord behoue laat bly het en die dag van more nie vir ons onbekend en gevolglik vreeswekkend is nie.

Voortspruitend uit die 2009 Volksvergadering het die Geloftevolk Koördinerings-komitee [GKK], wat tydens die 2009 volksvergadering aangestel en getaak is om die besluite ten uitvoere te bring, die volgende beswaarskrifte opgestel en by die betrokke parlementêre adresse ingedien:

- Wysiging van Art.25 / Onteiening sonder vergoeding:- https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20180814400025_item_2018-07-19-Art-25-Grond-onteiening-sonder-vergoeding---GKK-Parlementere-voorlegging.pdf ;
- Biometriese ID wetswysiging:- https://www.volksvergadering.co.za/Documents/2021080983418_item_2021-Parlementêre-Beswaarskrif-Biometriese-ID-.pdf
- Vryheid van spraak en geloof wetswysiging:- https://www.volksvergadering.co.za/Documents/2021080983310_item_2021-Parlementêre-beswaarskrif---Vryheid-van-spraak-en-geloof-wysiging.pdf

Die GKK is ook lid van die Koalisie vir die Herstel van die Boererepublieke, wat besig is met 'n hofgeding teen die regering ten einde die mandaat van die 2009 Volksvergadering, nl. "Soewereiniteit binne Gelofteverband", te verwesentlik - sien: www.Boererepublieke.org

Soewereiniteit binne Geloftverband kom neer op die totstandbrenging van 'n Teokrasie en is die kern klousule van die 1838 Gelofte. – sien: https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20151029112141_item_2012-Referaat---Vervulling-van-die-1838-Gelofte.pdf

[3] Sien GPMB verslag - https://apps.who.int/gpmb/assets/annual_report/GPMB_Annual_Report_English.pdf

Hierdie Teokrasie staan in verband met die totstandkoming van die Melgisedek Orde en die koninklike Priesterdom en heilige/afgesonderde volk waarvan die Skrifte spreek. Die volgende dokument is deur die 2009 aangestelde Teokrasie komitee saamgestel en tydens die 2010 Volksvergadering voorgelê en tydens die 2011 Volksvergadering aanvaar - sien: Teokrasie verslag:– https://www.volksvergadering.co.za/Documents/2015042162351_item_Verslag-van-die-Teokrasie-komitee---Finaal.pdf

Voortspruitend uit die Teokrasie verslag het die Konsep Grondwet sy beslag gekry, en staan in verband met die vervulling van die Volksgeloftes:– https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20141028111641_item_2011-08-06%20%20Konsep%20Grondwet.pdf

Wees daarom dankbaar vir die "tot die laaste nageslag" klousule van die 1838 Gelofte, wat die oudste Statutêre vakansiedag is sedert Uniewording en ten spyte van politiese klemverskuiwings, vir meer as 110 jaar landwyd herdenk word. Die tersaaklike Teokratiese huis wat nog gestig moet word, is 'n legitieme Godgegewe bestel en is ons as Geloftevolk se erfenis en toekoms.

Vanuit hierdie Skrifgefundeerde verlede kan ons nie anders as om ons te beroep op 'n Skrifgefundeerde toekoms [4]. In terme van die Tema [Ps.81:14-15], **Wil ons na U Stem luister en wil ons in U weë wandel.**

Die GKK gee hiermee kennis van die 13de Volksvergadering van die Geloftevolk en nooi volksgenote hiermee uit om D.V. die vergadering te Lichtenburg by te woon wat sal plaasvind in die saal by die hoek van Voortrekkerstraat 1 [Kerkstraat] en Ferdi Hartsenberg rylaan [Beywes Naude rylaan]. Rigtingaanduiding: https://maps.google.com/?q=-26.133766,26.159399

Naas baie gastehuise bied Lichtenburg vakansieoord ook bekostigbare behuising in 3 tot 6 slaapplek eenhede @ R200/p/nag, kampering @ R115/p/nag, besprekings by: Sanet – 082 543 3326. Ligging: https://maps.google.com/?q=-26.119625,26.166403

Vrydag 24 September

Tema: Ps.81:14-15 Ag, as My volk maar na My wou luister, Israel in My weë wou wandel! Gou sou Ek hul vyande onderwerp en My Hand teen hul teëstanders uitstrek.

13h00 - 13h45	Opening, verwelkoming en ordening.
13h45 – 14h15	2Kron.32
14h15 – 14h35	Bespreking
14h35 – 15h00	Blaaskans
15h00 – 15h30	Jes.32:7
15h30 – 15h50	Bespreking
15h50 – 16h20	Mat.5:17-18
16h20 – 16h40	Bespreking
16h40 – 17h10	Die 10 Gebooie vanuit die konteks van Joh.14:15

[4] Sien besluit 6 van Vegkop Volksvergadering in eindnota 3.

17h10 – 17h30 Bespreking
17h30 Dag afsluiting

Saterdag 25 September

08h00 - 08h45 Opening, verwelkoming en ordening.
08h45 - 09h15 Jes.33:22 die HERE is ons Aanvoerder
09h15 - 09h45 Bespreking
09h45 - 10h00 Blaaskans
10h00 - 10h30 Ex.19:5
10h30 - 11h00 Bespreking
11h00 - 11h30 2 Kor.3:14
11h30 - 12h00 Blaaskans
12h00 - 12h30 Bespreking
12h30 - 13h00 Eseg.37:22-24
13h00 - 14h00 Ete – selfvoorsienend.
14h00 - 14h30 Bespreking
14h30 - 15h00 1Pet.2:5,9
15h00 - 15h30 Bespreking
15h30 - 16h00 Blaaskans
16h00 - 16h30 Ex.19: 8b
16h30 - 17h00 Bespreking
Dag afsluiting

Sondag 26 September

08h30 – 08h45 Verwelkoming en ordening.
08h45 – 09h45 Verootmoedigingsdiens
09h45 – 10h00 Blaaskans
10h00 – 10h30 Jer.9:13,19
10h30 – 11h00 Bespreking
11h00 – 11h30 Ps.85:5-9
11h30 – 12h00 Bespreking
12h00 – 12h15 Blaaskans
12h15 – 12h45 Joh.20:9,29
12h45 – 13h15 Bespreking
13h15 – 14h15 Ete – selfvoorsienend.
14h15 – Algemeen
Afsluiting en vergadering verdaag

Ordereëlings van die Volksvergaderings van die Geloftevolk in Suid-Afrika

1. Reg van toegang is voorbehou vir die Geloftevolk wat as volg bely en gedefinieer is:

   1.1. Opsomming van wet:

   Mat. 22:35-40 *[1933/53 Afrikaanse Bybel]*

35 En een van hulle, ‘n wetgeleerde, het ‘n vraag gestel om Hom te versoek en gesê:

36 Meester, wat is die groot gebod in die wet?

37 En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.

38 Dit is die eerste en groot gebod.

39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

40 Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.

1.2. Bely dat JaHshua die Messias [Jesus die Christus] is en dat Hy die Seun van JaHWeH [die HERE] is en dat Hy die enigste Middelaar is tot die Ewige Lewe in die koninkryk van JHWH [die HERE].

1.3. Die Geloftevolk is daardie volk wat gebonde is aan God Almagtig weens die Skrifte en gekenmerk word deur ons geskiedenis, vernaamlik deur die geloftes wat sedert volksplanting tot stand gekom het, naamlik:– Die Geloftes van: Van Riebeeck [1654]; Bloedrivier [1838] en Paardekraal [1880]. Ons is vanaf die begin Geloftevolk. Alhoewel ons ook as Boerevolk en Afrikanervolk bekend staan, vind ons grootste en vernaamste byeenkomste nog steeds rondom ons Geloftes plaas!

2. Afrikaans is die taal waarin die vergaderings plaasvind.

3. Die doel en tema van die vergadering soos uiteengesit in die uitnodiging vorm die grense waarbinne daar debat gevoer sal word.

4. Volksgenote is welkom om ander sake aan die komitee op te dra vir toekomstige vergaderings.

5. Geen persone of instansies mag verkleineer of bevorder word nie.

6. Deelnemers aan die vergaderings word versoek om op eerbiedige wyse die aanspreekvorme van ons hemelse Vader, Seun en Heilige Gees te gebruik waarmee hulle vertroud is.

7. Die vergaderings distansieer hul van enige geweldsoptrede teen die huidige bestel, wat ‘n strafgerig is wat oor ons gekom het, en enige opruiende deelname of verwante optrede sal tydens die verloop van die vergaderings buite orde wees, tog ywer die vergaderings om hierdie strafgerig te beëindig deur die Aangesig van ons hemelse Vader te soek.

8. Die besluite van die vorige volksvergaderings van die Geloftevolk is bindend op daaropvolgende vergaderings, vernaamlik:

8.1. Die Geloftevolk se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes.

8.2. Dit noodsaaklik is dat alle middele aangewend word om die Geloftevolk in stand te hou.

8.3. Die toekomstige staatsmodel van die Geloftevolk, Skrifgefundeerd (op Bybel gegrond) moet wees.

8.4. Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis, soos hanteer is deur die Teokratiese Komitee en aanvaar is tydens die Orania Volksvergadering van 2011.

8.5. Die volgende Teokratiese beginsels word reeds deur die komitee geïmplementeer:

8.5.1. Raadpleging d.m.v. lotsbeslissing as Teokratiese beginsel word toegepas om die Wil van ons hemelse Vader te wete te kom. Dit word verder omskryf in dokumentasie wat deur die GKK en die TK [Teokratiese komitee] opgestel is, nl. Die Teokratiese verslag [Hoofstuk 2.6.2] asook in Die Konsep Grondwet, par.77.2 en verder.

Spreuke 16:33 In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die HERE *[JHWH]. [1933/53 Afrikaanse Vertaling.]*

8.5.2. Die vergadertye van die Geloftevolk is in ooreenstemming met:

Deut.16:16 Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van die HERE *[JHWH]* jou God *[El]* verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die aangesig van die HERE *[JHWH]* verskyn nie; *[1933/53 Afrikaanse Vertaling.]*

9. Kennisgewing van vergaderings moet vooraf geskied by wyse van hetsy, plakkate, pamflette in posbusse, radio en koerant advertensies, epos, elektroniese media- en platvorms, en persoonlike uitnodigings.

---

[i] JaHWeH/die HERE: Die 1993 Nuwe Vertaling van die Bybel onder redaksie van Prof. W. Vosloo en Prof. F. van Rensburg beskryf in die voetnotas die bekendmaking van die Naam van die HERE. Die naam "Jahwe" is bekendgemaak toe Moses na die Naam van God vra. Hier is die eerste keer wat die eienaam "Jahwe" bekendgemaak was. (Bron: Bybel in Praktyk, 1993, Eks. 3, Eks. 6, p.98,99,102,103).
Jahshua/Jesus. Die 1995 Almanak en Bybelse dagboek van die Hervormde Kerk verduidelik die oorsprong van die naam "Jesus". "Die benaming, Jesus, is die Griekse weergawe van die bekende Hebreeuse naam Jeshua, Joshua, Jehoshua wat beteken: Jahwe is heil, redding en verlossing." (Bron: NHK Bybelse dagboek, 17 Maart 1995, p.56)

[ii] Die Geloftevolk is daardie volk wat gebonde is aan ons hemelse Vader by wyse van die Skrifte en gekenmerk word deur die vernaamste deel van ons geskiedenis, naamlik ons geloftes.

[iii] **VOLKSVERKLARING**
Die Geloftevolk Koördineringskomitee reik hiermee die volgende verklaring uit met betrekking tot besluite wat tydens die Volksvergadering van die Geloftevolk van Suid Afrika geneem is te Vegkop Geloftefeesterrein, 25 - 27 September 2009:

Die Volksvergadering verklaar as volg:

Besluite:

1. Die Geloftevolk se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes.
2. Dit noodsaaklik is dat alle huidige middele wat tans aangewend kan word om die Geloftevolk in stand te hou, op alle lewensterreine benut moet word.
3. Dit noodsaaklik is dat die Geloftevolk 'n soewerein-vrye volk moet word.
4. Dat die grondslag waarop die toekomstige vryheid van die Volk gebou word, regverdigbaar is.
5. Die vrywording van die Geloftevolk binne bereik is.

6. Die toekomstige staatsmodel van die vrye Geloftevolk, Skrifgefundeerd (op Bybel gegrond) moet wees.
7. Dat die oproep en ordening van die vergadering aan die byeenkoms legitimiteit verleen as 'n Volksvergadering.
8. Dat 'n volksdatabasis dringend tot stand gebring moet word, sodat die Geloftevolk doeltreffend kan kommunikeer - as 'n eerste stap op pad na vryheid.
9. Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis. 'n Komitee is saamgestel om die funksionering van 'n Teokratiese staatsbestel te ondersoek om by 'n volgende Volksvergadering aan die Volk voor te lê vir oorweging.
10. Die vergadering besluit dat die instelling van 'n Reddingsdaadfonds deur die voortsettingskomitee ondersoek sal word.
11. Die vergadering gee opdrag dat die komitee aandag sal skenk aan volksverootmoediging.
12. Die vergadering gee opdrag dat die Volk ingelig sal word oor die besluite van die Volksvergadering.
13. Die vergadering stel 'n voortsettingskomitee saam om uitvoering te gee aan die besluite wat geneem is. Die voortsettingskomitee sal as die Geloftevolk Koördineringskomitee bekend staan, en kry opdrag om die volgende Volksvergadering byeen te roep, so gou as wat prakties moontlik is.
14. Na aanleiding van 'n uitspraak wat vanuit die gehoor gemaak is, het die vergadering hul eenparig gedistansieër van die gebruik van gewapende geweld in die vrywordingsproses.
15. Die komitees sal te alle tye 'n oop-deur-beleid handhaaf, sodat Volksgenote deurlopend insette kan lewer.
16. Die vergadering gee goedkeuring daaraan dat Geloftefees-komitees of komitees wat volksbyeenskomste reël, voortdurend inligting kan aanvra vanaf die koördineringskomitee om aan hulle vergaderings bekend te maak.
17. Die vergadering erken deurgaans die Geloftevolk se volle afhanklikheid van ons Hemelse Vader en eer Hom vir die ordelike verloop van die volksvergadering.

[iv] Volgens ‘n 14 Julie 2021 Vaandel Uitgewers fb plasing” “Kort voor sy dood op 11 Maart 1926 het Nicolaas van Rensburg een middag aan eettafel aan sy gesin gesê: “Ek sien ons gaan weer groot moeilikheid met die swartes hê. (Hy het die K-woord gebruik). Net na die oorlog (2de Vryheidsoorlog) het ek ’n klein, maer swartetjie halflyf verrys uit die aarde sien opkom — en gister het ek weer ’n visioen gehad. Ek sien dat hy gegroei het tot ’n magtige kryger wat heeltemal uit die aarde te voorskyn kom, en die assegaai en skildvel wat hy bokant sy kop uitstoot se skaduwee val dwarsoor ons land. Dis vér vorentoe, en dan sien ek dat hy agter ’n newel verdwyn. Maar voor sy verdwyning, het ek ’n donkerte oor die land sien neerdaal…””